

## **INLIGTING OM TE OORWEEG VOORDAT U BY DIMALACHITE BESPREEK:**

Dimalachite River Lodge is geleë op die oewer van die Vaalrivier, naby Parys, in die Vredefort-Koepel Wêreld Erfenis terein, geskep deur die impak van die grootste en oudste meteoriet wat ooit die aarde getref het. Dimalachite is vernoem na die Kuifkopvisvanger (*Aloeda cristata*) wat nes maak langs die oewers van die Vaal-rivier, omring deur water, wild en die natuur; waar die roep van die Visarend van tyd tot tyd gehoor kan word.

Kom en ontspan by die swembad of jacuzzi, geniet voëlkyk, roei op die rivier en geniet die opwindende van White water rafting. Sluit by ons aan vir 'n begeleide visvang uitstappie en wees seker daarvan om 'n vis te vang, of vang daardie groot een by jou kamp plek.

Die kinders kan hul fietse saambring, speel op die klimrame, mini golf speel, springmatte geniet of hulle kan met verfballe teiken skiet (Paintball skyfskiet). Bespreek 'n wild besigtigings toer en wees verseker om ten minste 90% van die volgende wild te sien. Gemsbokke, rooi hartbeeste, zebbras, springbokke, rooibokke, waterbok, koedoes, njals, duikers, grond eekhorings. Bespreek jou koffie saam met die vroeg oggend uitstappie.

Geniet jou aand saam met vriende en familie op die rivier oewer by 'n jou kampvuur.

### **BELANGRIKE NOTAS:**

#### **Pad:**

- Die laaste 4km na die oord is 'n grondpad wat soms in 'n slegte toestand kan wees. Die Vrystaat provinsie is verantwoordelik vir die instandhouding van die pad en ons het ongelukkig geen beheer daarvoor nie. Bos-waens en tent kampeerders kan die roete steeds ry. Daar is 'n 4km ompad wat normaalweg in 'n beter toestand is vir "sagte" woonwaens. Bel voor jou besoek om uit te vind watter roete ons aanbeveel.

#### **Spits seisoen:**

- Ons is oor paasaweek, en Desember skool vakansie baie besig. Dit gaan baie woelig wees gedurende daardie tye. Indien jy gesteld is op rustigheid moet asseblief nie oor die tydperk bespreek nie.  
- Indien jy regtig die rustigheid van die natuur en meer privaatheid wil geniet, bespreek gedurende midweek.

#### **Ablusie geriewe:**

In Kiewiet kamp is daar is twee stelle mans en dames ablusie blokke. Die geboue is ouerig maar word altyd netjies en skoon gehou en is sowat 50 tot 150m vanaf die kampeerplekke afhangende van waar jy kampeer. Die geboue mag volgens wet nie nader aan die kampeerplekke (rivier) gebou word nie agv die uitvloei. Maak dus gereed om 'n entjie te stap (goed vir jou gesondheid) of jy kan ry indien die nood druk.

Visarend kamp word gewoonlik vir chalet kampeerders uitgehou, maar baie besoekers verkies om daar te kamp omdat dit meer privaat is. Daar is twee gesins ablusie geriewe by die kamp.

#### **Hengel:**

- Ons hengelwater is teen die Vaal rivier (nie 'n dam nie). As die vloei van die rivier dus laag is, sak die water terug sodat die wal dan redelik skerp en hoog is. Ons het al trappe uitgekap uit die wal, maar na elke vloed veroorsaak dit erge grond erosie, en spoel weg. Bring dus 'n lang steel skepnet saam of 'n stel oprolbare trappe (leertjie)

- Ons pas al vir 20 jaar "catch & release" toe, met die gevolg dat hier groot karp, geelvis, moddervis en baber hier rond swem – en daag jou om hulle te probeer vang. Groot karp en grootbek geelvis byt gewoonlik in die winter (kleintjies pla dan nie). Laat alle vis asseblief dadelik nadat jy 'n mooi foto

geneem het vry. Moet dit nie in 'n hounet plaas nie. Hy gaan bloedmerke opdoen, en die otters gaan heerlik vreet!

### **Kampe en funksies:**

- Ons bied oor sommige naweke (en soms in die week) skool en kerk kampe aan – gewoonlik aan die begin en einde van die jaar. Ons bied ook spanbou geleenthede aan en jaareind funksies aan die einde van die jaar. Verneem asseblief hoe ons besprekings lyk vir die tydperk wat jy jou besoek beplan wanneer jy bespreek. Ons kan ongelukkig nie alle besoekers op hoogte hou van groepe wat ons dalk mag besoek nie.

- Ons sluit die kamp vir besoekers indien ons weet dat daar 'n groot groep oor 'n sekere tydperk gaan inboek om u privaatheid te beskerm.

- Kampering is verantwoordelik vir 'n klein deel van ons besigheid en ons het al oorweeg om nie meer kampeerders in te neem nie en meer te konsentreer op groter groepe. Ons is egter self BAIE lief vir die natuur en kampering, en wil nie bestaande kliente wat ons oor jare besoek teleurstel nie, daarom behou ons tans nog die kampeer gedeelte.

### **Dagbesoekers:**

- Ons beleid teenoor dagbesoekers is, dat slegs persone wat by ons ingeboek is, besoekers mag ontvang (teen betaling van 'n dagbesoek tarief en kontrole deposito). Die getal dagbesoekers aan 'n kampeerplek / chalet / lodge mag nie die getal ingeboekte besoekers aan die eenheid oorkry nie.

- Persone wat slegs vir die dag inkom om White water rafting te doen, mag 'n vleisie braai, piekniek hou en die swembad gebruik, maar mag nie die kampeer terrein binne gaan nie.

- Ons laat NIE groot groepe dagbesoekers toe nie, agv beperkte fasiliteite.

### **Musiek / lawaai:**

- Ons laat nie musiek op die oord toe nie – behalwe as ons self 'n funksie aanbied, en dan ook onder ons beheer in die saal.

- Rapporteer enige musiek of lawaai DADELIK (sodra u dit waarneem. Ons kan ongelukkig nie heeltyd in die kamp wees nie, daarom maak ons staat op u ondersteuning.

### **Water:**

- Ons maak gebruik van boorgat water (drie boorgate), en het ons grond watervlak al tot krisis afmetings gedaal tydens die onlangse droogte (2016). Ons twee grond damme en fontein is al vir die derde jaar opgedroog. Bespaar asb water soveel as moontlik. Baie dankie.

### **Elektrisiteit:**

- Die Eskom elektrisiteit voorsiening is stabiel deesdae, maar ons kry soms kragonderbrekings agv donderweer. Ons het kragopwekkers om watervoorsiening te handhaaf en die kantoor, telefone en internet te laat werk. Bring asb genoeg flitse, kerse, lampe ens om te gebruik asook gas stofies vir koffie maak tydens krag onderbrekings.

Die kampeerplekke is voorsien van gewone driepunt muurproppe.

### **Probleme:**

- Rapporteer asb by ontvangs indien jy merk dat iets volgens jou nie reg is nie bv. musiek in kamp, besoekers wat hulle wangedra en ander kampeerders steur, water of warmwater voorsiening, ablusieblokke, wasbakke, toilette wat buite werking of nat (vuil) is, elektrisiteit probleme ens. sodat ons dadelik daaraan aandag kan gee.

### **Gradering:**

- Dimalachite se kampeerterrein en geriewe is deur drie verskillende assessors as drie ster gegradeer. Ons sal toesien dat ons fasiliteite ten alle tye daaraan voldoen. Moet asseblief nie vier of vyfster geriewe verwag nie.

### **Veiligheid:**

Ons doen moeite om 'n veilige omgewing te skep vir ons kampeerders. Enige betreder moet ten minste twee keer deur ons wild heining kom om die kamp te betree. Ons het 'n elektronies

beheerde toegangshek by die ingang en slegs besoekers wat inboek ontvang die kode. Toegang word verder by ontvangs beheer deur 'n "boem".

As gevolg van die toename in diefstal reg oor Suid Afrika wat ongelukkig ook by vakansie bestemmings plaasvind, vra ons ons besoekers om waaksaam te wees en enige verdagte persone of optrede dadelik aan ons te rapporteer. Probeer asseblief ook self voorsiening vir veiligheid by u kampeerplek, chalet of lodge. Moet nie waardevolle artikels en drank buite los wanneer u gaan slaap nie.

**U ken u self:**

Ek reken dat indien u hierdie dokument bestudeer het, behoort u vir u self te kan besluit of Dimalachite aan jou behoeftes voldoen of nie.

Moet asseblief NIE by ons bespreek as jy jouself as jy enigsins twyfel nie.

As jy 'n persoon is wat bereid is om probleme wat mag opduik direk met bestuur te bespreek sodat ons daaraan aandag kan gee is u baie welkom.

Persone wat eerder na resensies op webblaai gryp of dreig met sosiale media moet regtig nie by Dimalachite bespreek nie. Kies vir jou 'n plek waarvan jy hou en geniet jou vakansie.

LEKKER KAMP!

Dimalachite span.